Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, December 11, 2022
Page: 16

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Jy't binne die huwelik ook reg op die aanwas

Gade allermins uitgelewer sou julle skei

Die ding met trou is dat mense dink dit is vir ewig.

Dink weer.

Ek was lanklaas op 'n troue, maar as ek reg onthou van dié wat ek al bygewoon het, beloof die paartjie baie plegtig "totdat die dood ons skei".

Maar as die huwelikspad later stamperig raak, beroep hulle hul maar op iemand veel laer af in status om tog maar die huwelik nietig te verklaar. Die wag op goddelike ingryping raak soms net te lank. En te onseker vir baie.

Vra maar iemand soos Halle Berry, of liewer Sofia, 'n sluipmoordenaar in die 2019-aksieriller *John Wick: Chapter 3 - Parabellum*. Dié aktrise ken klaarblyklik die skeistorie goed. Drie keer al is sy daardeur.

Sy som dinge vir my mooi op. "As vroue," het sy vroeër aan Entertainment Tonight gesê, "gaan ons in 'n huwelik in en dink dit gaan vir ewig hou en dat hierdie (man) ons prins op 'n blink perd is.

"Dit is wat sprokiesverhale my as kind geleer het… en ek is soort van anti-sprokiesverhale vandag."

Jy wil dalk. Maar jy kan nie seker wees nie. Hoe beplan jy? Hoe sorg jy finansieel vir jouself? Net vir ingeval.

Halle se karakter Sofia sou dalk 'n oplossing kon bied, maar dit kan ek nie in hierdie rubriek voorstaan nie. Ons moet ruimer kyk.

Jy't 'n reg op aanwas as die huwelik verbrokkel

Vroue moet hul eie finansiële beplanning doen. In die huwelik is dit gewens. Sou die huwelik verbrokkel, is dit om oorlewing.

Vroue moet hul waarde nie geringskat nie. Dood het 'n finansiële gevolg. Ongeskiktheid het 'n finansiële gevolg. Gevreesde siekte het 'n finansiële gevolg.

Aftrede skep 'n finansiële behoefte.

Meer daaroor anderdag. Vandag fokus ek op huwelike wat in 'n doodloopstraat beland.

In huwelike sonder gemeenskap van goed is wat myne is myne en wat joune is, is joune. Jy kan 'n eis om onderhoud hê, maar elkeen se bates is sy of haar eie.

In huwelike binne gemeenskap van goed word alles behalwe dit wat spesifiek uitgesluit is om die helfte besit. Dit is klinkklaar.

Dis die derde huweliksvorm wat meer kopkrap kos. Huwelike sonder gemeenskap van goed, maar waar die aanwas van toepassing is, is luidens die wetboek ook klinkklaar. Maar klinkklaar het soms kinkels.

Dis wanneer die huwelik die stamperige pad inslaan dat die kinkels skielik lewe kry. 'n Lelike lewe.

Sommige kan mos nie net skei en klaarkry nie, hulle moet mekaar probeer vernietig.

Die Huweliksgoederewet (Wet 88 van 1984) sê by die beëindiging van 'n huwelik waarop die aanwas van toepassing is, hetsy deur dood of egskeiding, sal die gade wie se boedel die kleinste is 'n eis hê teen die boedel van die ander gade vir 'n bedrag gelyk aan die helfte van die verskil in die aanwas van die onderskeie boedels tydens die huwelik.

Die wet is duidelik. Die aanwas-eis ontstaan eers by beëindiging van die huwelik. Deur dood of egskeiding.

Maar het jy 'n reg op aanwas binne die huwelik?

Die vraag is nou, het jy 'n beskermbare reg op daardie aanwas tydens die huwelik?

Nee. En ja.

Dit word regtens aanvaar dat hy (of dan die ander party) tydens die huwelik met sy bates kan maak soos hy wil. Hy kan byvoorbeeld alles na 'n trust toe oordra. Dit is sy reg. Julle is immers buite gemeenskap van goed getroud.

En jy het nie 'n eis teen die trust nie, net teen hom en sy boedel. Wat nou?

Jy het egter wel 'n beskermbare reg op daardie aanwas tydens die huwelik. Maar dis 'n grys wêreld.

Jy gaan byvoorbeeld moet bewyse kry dat hy kwaadwilliglik besig is om bates doelbewus uit sy boedel te verwyder ten einde jou eisbedrag te verwater.

Dán kan jy jou op 'n hof beroep, sê die wet.

Die hof kan die onmiddellike verdeling van bates gelas en ook die huweliksvorm wysig om die gemeenskaplikheid van bates en die aanwas uit te sluit.

Jy hoef nie te wag totdat die huwelikskoeël finaal deur die kerk is nie. Jy het 'n beskermbare reg. Beskerm dit.

Die hof sal nie anderpad kyk nie.

In die appèlhofuitspraak *PAF v SCF* (Junie 2022) het die man, toe hy agterkom sy huwelik is op die rotse, 'n buitelandse trust geskep waarin hy meer as R2 miljoen oorgeplaas het. Kwansuis om vir sy dogter voorsiening te maak. Maar dit was duidelik dat die bedoeling was om sy vrou se aanwas-eis te beperk.

Hy het terselfdertyd ook skielik onthou van 'n uitstaande lening van meer as R3 miljoen van 25 jaar gelede ten gunste van sy pa.

En siedaar! Meer as R5 miljoen is uit sy boedel. En sy vrou met soveel minder gelaat waarteen sy kan eis.

Vir die hof was dit darem te ooglukend wat die man probeer doen het.

Kort voor die egskeiding.

Die hof het gelas dat die trustbates in ag geneem kan word vir die vereffening van haar aanwas-eis.

En, baie belangrik, die hof het bevestig dat hoewel die aanwas-eis eers ontstaan by ontbinding van die huwelik, het albei gades tydens die huwelik 'n "beskermbare gebeurlikheidsreg" ten opsigte van mekaar se boedel.

Niemand beplan vooraf om te skei nie.

Maar dit is goed om te weet jy is nie uitgelewer sou dit wel gebeur nie.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000, of nico@finlac.com.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.